# EDITORIAL



Lots of exciting book-related events have taken place since our last issue.

The Liberty Promenade Shopping Mall in Mitchell's Plain was the venue of a very well-supported National Book Week presented by the Western Cape Provincial Library Service (page 5). This September event (which is scheduled to be repeated annually), attracted approximately 10,000 visitors. Dr Ivan Meyer, Minister of Cultural Affairs and Sport in the Western Cape, officially opened the event and later in the week also launched a poster that must have thrilled the hearts of millions of Springbok rugby supporters, all of whom (I am sure) agreed with the simple but compelling message, *Unite behind the Boks @ your library, the Boks play by the book* (pity about Bryce Lawrence, however …). A 'demo-library' was 'built' in the centre and was manned by dedicated library staff for six days – all in an effort to encourage non-library members to join their library and to become part of the Service's drive to encourage reading.

The very successful, exciting and popular `first edition' of the Open Book Festival also took place in September and drew large audiences on every day of its run. Well-known personalities such as Earl Lovelace, Patrick Gale, Jay Naidoo and many others added lustre to the event. On page 21 the festival co-ordinator, Frankie Murrey, shares some feedback with readers and assures us that plans for next year's festival (nicknamed *the reprint* … ), are already underway.

This year sees the centennial of the Carnegie Corporation and on page 14 the president of the Corporation, Vartan Gregorian, gives readers some insight into the effect that Andrew Carnegie's generous bequest has had on the world. He describes **The gospel of wealth** as 'a how-to manual for a century of philanthropists'. The Corporation has to date established more than 2,500 libraries all over the world. Libraries in South Africa have also been the fortunate recipients of grants from the Corporation and on page 16 the director of Library and Information Services of the City of Cape Town, Ninnie Steyn, discusses the value of the partnership between the Carnegie Corporation and the City.

And finally the secret is out … on page 34 the theme for Library Week 2012, *Stay connected @ your library* and the various types of promotional material that will be available to libraries are discussed.

Happy reading!

Talle opwindende boekverwante gebeure het sedert die verskyning van ons laaste uitgawe plaasgevind.

Die Liberty Promenade Sentrum in Mitchell's Plain het gasheer gespeel vir 'n baie gewilde Nasionale Boekweek wat deur die Wes-Kaapse Provinsiale Bibioteekdiens aangebied is (bladsy 5). Hierdie geleentheid, wat jaarliks in September sal plaasvind, het ongeveer 10,000 besoekers gelok. Dr Ivan Meyer, Minister van Kulturele Sake en Sport in die Wes-Kaap, het die week amptelik geopen en het ook later in die week 'n plakkaat geloods wat (ek glo) die harte van miljoene Springbokondersteuners warm laat klop het met sy eenvoudige maar treffende boodskap, *Staan saam agter die Bokke @ jou biblioteek, die Bokke speel altyd volgens die boek* (jammer oor Bryce Lawrence, natuurlik …). 'n 'Demo-biblioteek' is in die sentrum 'opgerig' en vir ses dae lank deur toegewyde biblioteekpersoneel beman – alles as deel van 'n poging om nie-biblioteeklede aan te moedig om by hul plaaslike biblioteke aan te sluit en deel te word van die Diens se strewe om 'n leeskultuur te skep.

Die baie suksesvolle, opwindende en gewilde 'eerste uitgawe' van die Open Book Festival het ook in September plaasgevind en het elke dag groot gehore gelok. Bekende persoonlikhede soos Earl Lovelace, Patrick Gale, Jay Naidoo en talle ander bekendes het glans aan die geleentheid verleen. Op bladsy 21 deel die feeskoördineerder Frankie Murrey haar indrukke van die gebeure met ons lesers en verseker ons dat planne vir aanstaande jaar se fees (wat reeds *the reprint* gedoop is), reeds stewig onderweg is.

Hierdie jaar is dit die honderdste herdenking van die Carnegie Corporation en op bladsy 14 deel die president, Vartan Gregorian, met lesers sy waarnemings oor die gevolge wat Andrew Carnegie se mildelike bydrae op die wêreld gehad het. Volgens hom is Andrew Carnegie se **The gospel of wealth** 'n 'doen-dit-so-handboek in die eeu van filantrope'. Die Carnegie Corporation het tot nou toe reeds meer as 2,500 biblioteke dwarsoor die wêreld tot stand gebring, ook in Suid-Afrika. Op bladsy 16 bespreek Ninnie Steyn, direkteur van Bibioteek- en Inligtingsdienste van die Stad Kaapstad, die waarde wat die vennootskap vir die stad inhou.

Uiteindelik is die geheim uit … op bladsy 34 verskyn die tema vir 2012 Biblioteekweek – *Bly in verbinding @ jou biblioteek.* Daar is ook 'n oorsig van die bemarkingsmateriaal wat aan biblioteke verskaf sal word.

Lekker lees!



*Editor* • *Redakteur*
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

*Layout* • *Bladuitleg*
Olivia Forshaw

*Photography* • *Fotografie*
David Webber

*Administration and Advertising* • *Administrasie en Advertensies*
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

*Web site* • *Webtuiste*
www.westerncape.gov.za.

*E-mail* • *E-pos*
capelib@pgwc.gov.za
gazarlux@pgwc.gov.za
grizell@iafrica.com

*Address* • *Adres*
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

*Indexed in* • *Geïndekseer in*
LISA (Library and Information Science Abstracts)

*Reproduction and Printing* • *Reproduksie en Drukwerk*
Shumani

*Cover design* • *Omslagontwerp*
Olivia Forshaw

© Library Service © Biblioteekdiens
SA ISSN 0 008 5790

***Editorial policy***
The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

***Redaksionele beleid***
Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn tweemaandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

Department of Cultural Affairs and Sport
Departement van Kultuursake en Sport